

## **VOORKOMS**

### **22.1 DOGTERS**

22.1.1 Hare moet 'n algemene netjiese indruk skep. Dit behels dat lang hare (hare wat oor die kraag hang) vasgemaak moet word. Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie, anders moet dit teruggebind word. Loshangende hare langs die ore is ontoelaatbaar en moet met voorgeskrewe knippies uit die gesigsveld vasgesteek word. Knippies en rekkies kan groen, geel, swart, wit of bruin wees. Dun rekbare kopbande, in voorgeskrewe kleure, mag gedra word.

22.1.2 Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Geen "highlights" of "gel" word toegelaat nie.

Kleursjampoe of enige ander middel wat 'n verandering in haarkleur veroorsaak, is ook ontoelaatbaar.

22.1.3 Geen opgebondelde hare word toegelaat nie en slegs swart verlengings word toegelaat.

22.1.4 Die dra van die Boompie - oorbelle word aangemoedig en is te koop by die kantoor.

Slegs een ooringetjie per oor in die oorbel word toegelaat. Dit mag glad nie hoër op in die oor gedra word nie.

22.1.5 Slegs 'n polshorlosie en/of "Medic alert" armbandjie mag aan die arm gedra word.

Geen ringe behalwe 'n seëlring aan die vingers word toegelaat nie.

22.1.6 Geen grimering mag saam met skooldrag gedra word nie.

22.1.7 Wenkbroue mag nie getint word nie.

22.1.8 Geen ekstra juweliersware mag saam met die sportklere gedra word

nie. 22.1.9 Naels moet skoon en geknip wees. Die lengte van die nael mag nie meer as 3mm wees

vanwaar die nael die naelbed verlaat nie. Geen naellak word toegelaat nie. Geen "tips"

of vals naels word toegelaat nie.

22.1.10 Truie mag nie om die middel vasgebind word nie.

22.1.11 Romplengtes – 15cm vanaf die grond in 'n knielende posisie.

22.1.12 Swart dogterskoolskoene word toegelaat. Tekkies, nie sneakers nie, mag saam met die

sweetpak gedra word. Geen balletskoene.

22.1.13 Hemde moet altyd netjies ingesteeek wees.

22.1.14 Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie. Permanente grimering word ook nie

toegelaat nie.

22.1.15 Slegs 2-3 deurskynende krale in 'n sliert.

22.1.16 Geen krale, bande of velletjies om arms en/of nek word toegelaat nie.

## 22.2 SEUNS

22.2.1 Seuns se hare moet netjies vertoon. Die skool behou homself die reg voor om te besluit

wat kort en netjies is. Die hare mag nie gekleur of gebleik word nie.

22.2.2 Direk na vakansies moet die hare volgens die reëls wees. Indien dit nie dadelik korrek is

nie, moet die hare afgesny word.

22.2.3 Swart toeryg skoolskoene. Geen ander skoene.

22.2.4 Seuns moet skoon geskeer wees – geen snor of baard is toelaatbaar nie.

22.2.5 Geen armbande, kettings, oorbelle, hangertjies of ringe mag gedra word nie.

Slegs

polshorlosies en/of “Medic alert” armbandjies is toelaatbaar.

22.2.6 Truie mag nie om die middel geknoop word nie.

22.2.7 Hemde moet altyd ingesteek wees en kouse moet opgetrek wees.

22.2.8 Geen klere mag onder gryshemp uitsteek nie.

22.2.9 Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.

## SKOOLDRAG

### DOGTERS:

<b>SOMERSDRAG</b>	<b>WINTERSDRAG</b>
Groen rompie Groen of swart kort ski-pant(mag nie uitsteek) Wit skoolhemp (kortmou) Kort wit kouse Swart skoolskoene/kaalvoet Groen oortrektrui (Pull-over) Groen LENM skoolbaadjie of Groen Dri-mac	Grys langbroek / Groen sweetpak broek Wit skoolhemp (Langmou) Kort wit kouse Swart skoolskoene Groen oortrektrui (Pull-over) Groen langmou trui Groen LENM skoolbaadjie of Groen Dri-mac Leerling mag in die winter Groen sweetpakbroek, LENM baadjie, LENM sporthemp/wit hemp met tekkies dra. Let wel: Nie ‘sneakers’ en slegs LENM geborduurde baadjie/groen Dri-mac Groen serp Groen handskoene GEEN MUSSE

**SEUNS:**

<b>SOMERSDRAG</b>	<b>WINTERSDRAG</b>
Grys kort skoolbroek Grys kortmou skoolhemp Grys lang kouse Swart skoolskoene/kaalvoet Groen LENM skool baadjie of Groen Dri-mac	Grys langbroek / Groen sweetpak broek Grys langmou hemp Grys lang kouse Swart skoolskoene Groen LENM skoolbaadjie of Groen Dri-mac Groen langmou trui Leerling mag in die winter Groen sweetpakbroek, LENM baadjie, LENM sporthemp/grys hemp met tekkies dra. Let wel: Nie 'sneakers' en slegs LENM geborduurde baadjie/groen Dri-mac Groen serp Groen handskoene GEEN MUSSE